

Liefde tot ons broers

Teks: 1 Johannes 3: 11 - 17 & Sondag 40

Teksvers: 1 Johannes 3: 15

1. Inleiding

Hoe ver moet haat toegelaat en aanvaar word. Ek is seker u sal saam met my stem dat hierdie vandag 'n uiters aktuele tema is. Ons het in die afgelope week gesien hoe dinge wat mense op sosiale media geskryf het self in die hof gedraai het. Ons weet ook natuurlik dat hierdie uitsprake dikwels met haat gekoppel word. Of dit reg of verkeerdlik gedoen word is nie die onderwerp van hierdie prediking nie.

Maar almal sal saamstem dat sosiale media wel vandag die plek geword het waar mense hulle gedagtes en soms ook hulle harte openbaar. Maar dan het ons ook gesien dat vandag se prediking juis handel oor die sesde gebod van die tien gebooe, soos vervat in Sondag 40. En soos ons almal goed weet, staan daar in die sesde gebod, dat moord nie gepleeg mag word nie. So waarom dan hierdie inleiding oor haat.

Want moord is tog in meeste lande 'n kriminele oortreding wat deur die gereg gestraf word. Dit is juis ook hierin wat ons die Here se algemene genade sien, wat alles om ons so instand hou. Tog is die verband tussen haat, aanranding en dan uiteindelik moord nie iets wat vergesog is nie. Moord word gewoonlik vooraf beplan. En hierdie vooraf beplanning word dikwels gebore uit 'n lang tydperk van haat.

Tog is hierdie verband wat ons so trek nie iets wat vandag deur moderne navorsing opgespoor is nie. Hierdie waarheid leef alreeds in die antieke tye van die Bybel. En God laat ons ook in Sy genade nie in die duister oor haat en moord nie. Daarom gaan ons vanoggend na een van die laaste geskryfte van die nuwe Testament kyk. Die eerste brief van die Apostel Johannes wat uit die laat eerste eeu dateer. Daaruit gaan ons leer hoe ons ook na haat en moord vandag moet kyk.

2. Respek vir die lewe van my broer

Dit is belangrik dat ons reeds hier aan die begin sien dat hierdie gebod nie net moord verbied nie. Maar ook respek vir lewe gebied. Lewe is en bly die een ding wat selfs die moderne wetenskap nie kan skep of vervaardig nie. As 'n mens, plant of dier eers gesterf het, dan word dit nie weer lewend nie. Maar wie het dan lewe geskep. Ons sien reg in die begin van skrif dat dit God self is wat die lewe gee.

Ons sien dit duidelik in Gen 2 vers 7: "Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het." Daarom kan ons as mens nie sommer na goëddunke hierdie lewe neem nie. Om self te wil oordeel oor die lewe en sterwe van 'n mens, is om vir jouself die reg van God toe te eien. Juis daarom is moord ook sonde. Tog het dit die mens nie lank geneem om presies dit te doen nie. ons sien in vers 12 van ons teksgedeelte, dat alreeds in die tweede geslag pleeg die mens moord.

Tog bly hierdie die ekstreme einde. Moord was en is darem onder die mensdom nie mode nie. Deur die algemene genade van die Here kyk ons steeds 'n moordenaar met afsku aan. Maar die respek vir lewe moet so groot wees by ons as Christene dat ons dit oppas. Beide ons eie lewens en die van ons naaste. Die christen behoort nie betrokke te wees by enigiets wat sy lewe of die lewe van sy naaste enigsins in gevaar kan stel nie.

En is dit nie juis hierdie adrenalien gedrewe aktiwiteite wat vandag baie gewildheid verwerf nie. Maar ons moet elke ding wat ons aanpak mooi opweeg. En in hierdie oorwegings is menslike lewe

baie belangrik. En moet dit met reg as 'n gawe van God gesien word. Sodat ons nie per ongeluk 'n moordenaar word nie.

3. Soveel meer as net nie moord nie

Maar dit is dan juis hier waar ons teksvers met 'n skok kom. Want ons teksvers sê dat mens wat nog nooit fisies die lewe van 'n ander mens geneem het nie ook 'n moordenaar kan wees. Ons teksvers plaas 'n gelyk aan teken tussen 'n broer haat en hom fisies vermoor. En die kategismus praat hierdie waarheid in die antwoord op vraag 104 na. Daar staan: "Deur doodmaak te verbied leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns, haat, woede en wraaklus, verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord."

En dat hierdie idee nie van die apostel self afkom nie is vir ons baie duidelik as ons na Jesus Christus se woorde in Mattheus 5 vers 21 en 22 kyk hier staan: ²¹"Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'. ²²Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank.

Die vraag is nou of ons moet rondloop en almal wat haat voor die regbank moet daag. Iets wat skynbaar vandag probeer word in ons land. Maar so 'n situasie is tog nooit werklik prakties uitvoerbaar nie. Juis omdat ons as mens nooit werklik die hart en oortuigings van 'n ander persoon kan ken nie.

Maar met onself is dit anders. 'n Mens weet duidelik wanneer jy haatdraende is teenoor 'n ander persoon. En dit is juis hierin waarin ons teksvers ons veroordeel wanneer daar staan dat 'n moordenaar nie die ewige lewe in hom het nie. Dit is soos twee persone wat nie saam in die selfde huis kan bly nie. Die een moet uit. En as ons kies om die haat te huisves, dan sal die ewige lewe nie meer daar tuis kan wees nie.

4. Selfs aan vyande

Maar ons is gered in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Dit het nie op grond van ons verdienste gebeur nie maar uit genade. Daarom is dit niks minder as reg van die Here om van ons ook genadige optrede teenoor ons naaste te verwag. En hierdie optrede is soveel meer as blote verdraagsaamheid. Hierdie optrede is deel van die groot opdrag om ons naaste lief te hê. En waar die vorige gebod begin by die huisgesin, is die gebied van hierdie gebod juis die mense buite jou huisgesin, of vriendekring. Ja die gebied van hierdie gebod sluit ook ons vyande in hierdie lewe in.

Want die lewe van die Christen hier op aarde is nie net maanskyn en rose nie. Dit is iets wat ons duidelik sien in vers 13 van ons teksgedeelte. En daarom is dit belangrik vir die apostel Johannes om juis ook opdragte in verband met die vervolgers van die Christendom te gee. Hierdie opdragte maak juis die Christendom uniek. Want anders as ander gelowe en kultusse wat nie die son oor 'n teenstander se kop kan sien skyn nie, sê Jesus duidelik in Mattheus 5:43-45:

⁴³"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.' ⁴⁴Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolgt, ⁴⁵sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel.

U sien dat christenskap dus nooit die motief vir haat tussen mense kan wees. Die ware geloof is eerder die geneesmiddel vir haat. Want deur die ware geloof besef ek dat ek 'n medesondaar is wat saam met my broeder voor die Here staan. En in ware liefde deel ek hierdie waarheid mee aan my broeder sodat die Heilige Gees ook die wedergeboorte in hom kan werk. Natuurlik kom die praktiese uitleef van naaste liefde soos beskryf in vers 17 ook ter sprake. Maar soos 1 Korinthiërs 13 : 3 sê : ³Al deel ek al wat ek het

aan ander uit,
en al gee ek my liggaam prys
om my daarop te kan beroem,
maar ek het geen liefde nie,
baat dit my niks.

5. Slot

Ons het aan die begin van die prediking gevra hoe ver haat geduld kan word in die Christen se lewe. Maar ons het duidelik gesien dat haat glad 'n plek kan hê, in die lewe van 'n gelowige nie. Want dit is duidelik dat haat van die bose kom. Dat haat en ware naasteliefde nie saam in dieselfde persoon teenwoordig kan wees nie.

Mag daar dan geen haat wees nie. Natuurlik nie. Die Bybel sê ook duidelik in Psalm 97:10 "10Julle het die Here lief;
haat dan wat sleg is! "

Maar dit is belangrik om presies te sien wat hier gehad word. Die bose nie, mens nie. Dit is nie die lewe wat hier gehad word nie, maar juis die dood wat die bose bring. Ons is opgewek uit hierdie dood deur die verlossende werk van ons Here Jesus Christus. Daarom is behoort ons ook nie aan hierdie bose nie soos Kain. En daarom moet ons onself nie weer laat verslaaf aan bose. Dit is juis om hierdie rede dat ons broerdelike haat met wortel en tak moet uitroei uit ons lewens. Ons moet ons nie laat meesleur deur enige ideologie wat sy bestaansreg op haat baseer nie.

Omdat ons vrygespreek is in Christus kan ook die ander wang draai wanneer ons benadeel word, soos wat Matteus 5:39 ons ook beveel. Ons kan dit doen want ons weet dat niks met ons gebeur buite die wil van ons Vader nie. Daarom sal ons ook nie vernietig word sonder die wil van God nie.

Amen